



Die lewe is nie 'n storie nie

Jan van Tonder se **Roepman**

SONJA RUST

Franschhoek Leeskring

Jan van Tonder se jongste roman **Roepman** handel oor 'n jong seun, Timus, se grootwordproses gedurende die sestigerjare in 'n spoorwegwoonbuurt in Durban.

Reeds met die openingsreël in **Roepman** sê Timus se pa vir hom: 'Die lewe is nie 'n storie nie, Timus...' Ook op die skudblad staan daar: 'n Storie is nie die lewe nie.' Dit word dan duidelik dat ons as lesers saam met die roman gaan beweeg tussen syn en skyn, en nie altyd onderskeid sal kan tref tussen die werklikheid en die verdigsel nie.

Van die begin is dit opmerklik dat daar 'n ooreenkoms is met Van Tonder se eie grootwordjare. Inderdaad stel hy dit dan ook so aan Sonja Loots in 'n onderhoud oor **Roepman**: 'Dit is seker die naaste wat ek ooit aan 'n outobiografie sal kom... Ek het baie bygelieg, baie weggesteek, maar ook baie behou.' (**Rapport**, 17 Oktober 2004, p.4.)

Soos Timus was Van Tonder die jongste van sewe kinders, en het gedurende die sestigerjare in 'n Durbanse spoorwegwoonbuurt grootgeword. Sy ma was 'n huisvrou, en sy pa 'n stootskraperopeerder asook 'n

baggerbootman. Op Human en Rousseau se webwerf verskyn 'n baie interessante CV wat Van Tonder oor sy wyduiteenlopende loopbaan geskryf het. Aanvanklik het hy vir predikant gestudeer; daarna volg 'n BA graad met Afrikaans, Sielkunde en Kriminologie as hoofvakke. Verskeie beroepe volg, onder andere, die Gevangenisdiens, nywerheids-opleidingsbeampte, joernalis by verskeie koerante en by die SAUK, asook omroeper. Deurentyd het Van Tonder sy loopbaan onderbreek om te skryf. So verskyn 'n kortverhaalbundel, **Aandenking vir 'n vry man**, en daarna twee romans, **Is Sagie** en **Die kind**.

Elkeen is vir verskeie pryse benoem, en **Die kind** ontvang die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV) en Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (FAK) Prosa Prys. Na 'n stilte van vyftien jaar verskyn **Roepman**, en word ook op die kortlys geplaas vir die ATKV Prys.

In **Roepman** ontmoet ons die uitgebreide Rademan-gesin: Timus se pa Abram as hoof van sy streng en nougesette patriargale gesin; sy ma Ada wat met haar lewenslus en energie die groot gesin bymekaar probeer hou; die oudste tweeling Braam en Martina, wat albei werk (Braam is die enigste broer



en 'n bo-baas storieverteller en leesgerige); die tweelinge Mara en Rykie, wat 'n groot 21ste party beplan (al wat in die pad van die party staan is die feit dat Rykie swanger is, en dat pa Abram weier dat daar gedans mag word!); die jongste tweeling Bella en Erika met hul onderskeie intense verhoudings met Boytjie, Gladys se seuntjie, en Salmon, die oulike jongman; Ouma Makkie wat by die gesin kom woon na Oupa se afsterwe, en die seuns moet hulle kamer opoffer (Braam slaap in die gang op 'n opvoubare bed, en Timus by sy ouers in die kamer); Timus self, die dromer, die afloerder en afluisteraar, die leser se oë en ore wat met sy onuitputbare bron van nuuskierigheid alles wat gebeur, oorvertel.

Voorts leer ons al die ander onvergeetlike karakters ken: daar is oom Gouws met sy vliegduiwe, maar ook sy bossie carnations en 'n bottel in 'n bruinsak op payday op pad na Goolshan se kaya; sy dogter Melinda wat net rooi panties dra; haar sussie June wat polio gehad het; die aggressiewe Zane wat saans vlermuise met 'n draad doodslaai; sy mooi meisie Helen met die blink bikini; die buurseun Hein met sy vuilbek; die weeskind Ruben met sy duistere agtergrond; en die huishulp Gladys en haar seuntjie Boytjie, wat te groot word vir die agterplaas.

Die verhaal skarnier natuurlik om Joon, die roepman, wat almal betyds moet wakker maak vir hulle skofte. Ook sy ma, ant Rosie, wat elke dag klippe optel. Joon se rol in die verhaal is egter meer as roepman wees; hy verteenwoordig die stryd tussen goed en kwaad, tussen reg en verkeerd. Hy besit 'n soort magiese krag om altyd op die regte plek op die regte tyd te wees, en om met bomenslike insigte in te gryp waar nodig. So spaar Joon, byvoorbeeld, vir Timus van erge verleentheid nadat hy sy broek natgepiepie het deur hom heeltemal nat te spuit met die tuinslang: 'Nou sal niemand meer kan sien nie...' (p.107). Joon weet instinktief dat Timus bang is vir Ruben se sinistere neigings na die tragies-komiese uitstappie na die walvisstasie (en veral die angstige maar skreeusnaakse bunny-chow insident, p.143).

Van Tonder vestig al die verhaalelemente vroeg in die roman, en brei dit uit saam met die loop van die verhaal. Sodanig word die tydlyn duidelik in die sestigerjare geplaas met dr HF Verwoerd se portret in die sitkamer, die aanvalle op sy lewe, en die uiteindelijke aanslag en begrafnis. Die politieke milieu van dié era word raak geskets, met, onder andere, die spanning en konflik tussen die twee hoofstroom partye, naamlik die Natte en Sappe. Daarmee gepaard die konserwatiewe en besonder moralistiese

godsdienstiensiening, asook die rassistiese verhoudings, opvattinge en optredes wat in dié politieke klimaat gedy het. Ons lees hoe die verskillende karakters reageer wanneer Elias vir Beauty slaan, die algemene houding wat teenoor die polisie heers, en ouma Makkie se menslikheid en wysheid wat tydelike verligting bring (pp.61-64).

Van Tonder slaag myns insiens ook daarin om diepte te verleen deur middel van kontraste; Pa Abram se dominerende rol in die gesin berus op die eng, versmorende Calvinistiese en patriargale sisteem, en terselfdertyd word daar verwys na '...sy rein gewete...' (p.7). Dit bereik 'n hoogtepunt waar Abram vir Salmon forseer om 'n keuse te maak tussen sy liefde vir Erika en sy geloof, die ou Apostoliese. Die onverbidelikheid van Abram se tonnelvisie word skreiend openbaar.

Al die tragiese elemente word egter versag en vermenslik met 'n goeie dosis humor wat in die roman teenwoordig is. Juis as gevolg van sy kinderlike onskuld beland Timus in komiese situasies, en verwoord dit boonop in nog meer humoristiese belewenisse. Reg aan die begin van die roman hoor ons Timus het sy arm gebreek nadat hy uit 'n boom geval het waar hy die Bantoes afgeloer het. Ter verduideliking voer hy aan: 'Maar ek het nie gejak nie: dit wás

Al die tragiese elemente word egter versag en vermenslik met 'n goeie dosis humor

'n Bantoe wat my arm gebreek het' (p.19). Timus breek sy ander arm deur van die dak af te val waar hy probeer het 'om skuim te piepie'. Ter verduideliking voer hy aan: 'Ek het hom afgepie' (p.74). Terwyl Timus sy ma en Hannie se gesprek oor al die tweelinge (dubbeldore) afluister; redeneer hy as volg: 'Dubbeldoor. Dis 'n ding wat ek nog nooit kon uitgewerk kry nie, al het ek vyf susters en twee ore en twee oë... Ek loer hulle so uit die hoek van my oog, en ek het nog nie 'n eier van 'n uur oud aan een van hulle gesien nie' (p.15).

Van Tonder maak ook gebruik van die simboliese rol van water wat sterk spuit. Reeds aan die begin van die roman vind ons Abram wat met die tuinslang in die hand die gras natspuit terwyl Timus in die badkamer wag vir sy pak slae. Die aandag word gevestig op die sterkte van die stroom as gevolg van

die hoogte van die watertoring, en die dik pype wat die water onder die pad na die huise vervoer. Telkemale lees ons Abram neem die tuinslang om die gras nat te maak, of sommer net te spuit. Hierdie simboliese gebruik van waterspuit stapel op totdat die klimaks bereik word waar die pyp in die pad oopbars, en die water in 'n sterk fontein opspruit. Die hele verhaal het opgebou na hierdie hoogtepunt toe. Dit is die aand van Mara en Rykie se twenty-first, maar as gevolg van Verwoerd se begrafnis geld die toegewing om te mag jive nie meer nie. Die partytjie is 'n totale mislukking. Wanneer die pyp bars, lok dit almal soontoe. Eers daag Joon op, dan Mara en Rykie, en dan ouma Makkie in die rolstoel. Mettertyd volg al die buurt se mense en staan verwonderd onder die sterk water van die fontein. Daar is ooms en tannies en seuns en meisies. Melinda trek eerste haar klere uit totdat sy net haar rooi pantie aanhet, en kort voor lank volg almal haar voorbeeld. Al die kaal, nat en blink lywe dans op oom Gouws se musiek onder die vallende water. Hierdie heerlike en oproerige dans ontwikkel in 'n fantastiese en magiese gebeurtenis waarin almal 'n soort reiniging ondergaan. Meer nog, almal is kaal, almal is nat, almal dans saam, almal is nou gelyk. 'Die mense kyk op. Kop agteroor staan hulle. Almal lyk skielik vir my soos Joon' (p.184).

Van Tonder gebruik al hierdie verskillende elemente in sy roman om veelvlakkigheid en tekstuur te verleen aan die 'coming of age' verhaal van Timus se grootwordproses. Terwyl die storielyn meedoënloos voortspoed na die tragiese eindpunt waar Joon tussen twee trokke vasgestamp word, verlig die skrywer die patos deur, onder andere, Timus se seksuele ontwakenings. Daar is Timus se behepthed om manlike proporsies aan te neem met sy lyfhare, sy 'peester', en veral om soos 'n regte man te kan skuim piepie. Daar is die onskuld en verwondering in die vroulike figuur en misterie as Timus vir Gladys afloer terwyl sy bad. En daar is Timus se teer en pynlike gevoelens jeens Elsie in sy eerste verliefde ervaring.

Tog is daar van die begin 'voorbodes' geplaas om ons as lesers voor te berei op die noodwendige uiteinde. Braam vertel '...hy kan verstaan hoekom Zane sê hy sal moor as iemand met haar (Helen) lol' (p.25). Timus beskryf die lekkerte van 'n rangeerwerf: 'Dis die gevaarlikste plek waar mens kan dink om te speel, sê die grootmense' (p.33). Ook Gladys se woorde teenoor die swanger Rykie berei 'n mens voor: '...if you don't celebrate life you're inviting death into your house' (p.135).

In sy resensie oor **Roepman** noem Philip John dat die perspektief van die roman "n skerp lens van onskuld" is waarmee Timus die volwasse wêreld met al sy waansin, humor, tekortkominge, hartseer, gewoonheid en lyding afloer en afluister. (**Die Burger**, 3 Januarie 2005, p.9.) Hierdie beelde en tekens word onverbloem aan die leser oorgedra sonder om 'n onderskeid te tref tussen reg en verkeerd, goed en kwaad, en selfs tussen werklikheid en verdigsel, syn en skyn.

Die verhaal beweeg dus naatloos tussen hierdie twee pole, en sorg vir die nodige spanning. Aan die een kant is die lewe van gewone mense in 'n alledaagse werkersklas omgewing, en aan die ander kant die magiese kragte van bomenslikheid en verbeeldingsvlugte. Daar word ook gekontrasteer tussen die konserwatiewe, patriargale sisteem van die man (Abram), teenoor die lewenslustige energie van die vroue (Ada en die susters). Dit is veral die jong susters wat uiteindelik weier om verder onderdruk te word deur die eng en versmorende beperkinge van hulle vader, en van hulle breek dan inderdaad vry en verskuif hulle grense letterlik en figuurlik.

Aan die einde van die roman is daar 'n vinnige opeenstapeling van tragiese momente; Joon word vasgestamp tussen die twee trokke en is dood, sy ma ant Rosie verdwyn en vaar op na die hemel, en laat net haar sak klippe agter, en ouma Makkie sterf stil in haar slaap. Dit beteken ook die einde van 'n era: Abram word bevorder en die Rademans verhuis na Stanger, en die gesin breek uitmekaar. Dit beteken ook die einde van 'n era by die Spoorweë: 'Daar het nie 'n roepman in Joon se plek gekom nie. Die Spoorweë sê die tyd van wakker maak is verby, mense weet goed genoeg hulle moet opstaan om te gaan werk' (p.197). Selfs die trokke word sonder vrag heen en weer gerangeer. Ook Timus het grootgeword. Sy fokus en aandag verskuif: 'Ek pie nooit meer buite nie. En in die lêwmetrie mik ek na die kant van die bak' (p.198).

Ten slotte glo ek Jan van Tonder het uitstekend geslaag om 'n roman te skryf met geloofwaardigheid in sy milieu, sy karakters, en sy storielyn. Die gewone, alledaagse mense se lewe word belig met al sy fasette, asook die magiese elemente. Die roepman wek nie net die mense om betyds te wees nie, dit dien as 'n wekroep vir elkeen om die basiese goedheid in elke mens te laat ontwaak.

Ek het met groot vreugde en deernis hierdie lankverwagte roman van Jan van Tonder geniet, en hoop dat hy vinnig 'n volgende werk die lig sal laat sien.